2025.04.17

**NUUSBRIEF**

Dit was Eden Tweekamp se vierde seisoen met die aangepaste afstande en ouderdomsgroepe vir vele atlete, ouers en selfs beamptes was dit `n steeds `n groot aanpassing, maar tenspyte daarvan sien ons steeds ‘n toename in nuwe atlete. Dis beslis `n aanwins is vir Eden Tweekamp en wys die groei in ons sport. Daar was `n paar struikelblokke in die seisoen maar die bestuur en die res van die Eden Tweekampfamilie het soos voorheen saamgestaan en mekaar ondersteun en het `n goeie seisoen gehad.

Eden Tweekamp het `n besige jaar gehad met die Highgate Kampioenskappe wat weereen `n groot sukses was wat meer as 500 atlete getrek het. Die SA Kampioenskappe wat in samewerking met die SA Bestuur ook in Oudtshoorn gehou is en het 900 atlete getrek het. Hierdie is slegs die groot byeenkomste wat genoem is maar al 5 liga byeenkomste, Eden Kampioenskappe, ontwikkelingsklinieke en kapasiteit werkswinkels wat suksesvol voltooi is gedurende seisoen en die groei van atlete by elke byeenkoms was dit nie net `n besige seisoen nie maar beslis `n suksesvolle 2024/2025 seisoen

Die volgende behoort gemeld te word:

- **BESTUURSLEDE & BEAMPTES**

  Daar was `n paar vakante posisies of die Eden Tweekamp bestuur gedurende die seisoen en die volgende twee persone was gekoöpteer deur die huidige bestuur. Magdel Kotzé – Digitale Ontwikkeling [website, FB, ens] waarin Magdel puik werk verrig het en beslis `n aanwins op die bestuur is.

  Mariano Eesou – Ontwikkeling, Transformasie, Spesiale Behoefte atlete. Hierdie portfolio is na aan my as voorsitter se hart en kan met trots se dat Eden Tweekamp een van die voorstanders is as dit kom by Ontwikkeling, Transformasie, Spesiale Behoefte atlete in SA Tweekamp .

  Die bestuurslede het in hulle posisies `n groot verskil gemaak en die Voorsitter Stephnie McKay bygestaan gedurende die seisoen: Leana Robinson [vise-voorsitter], Magdel Kotze [Digitale Ontwikkeling website, FB, en Nuwe Klere drag] en operationele bestuurder Dave van der Walt wat as mentor steeds dien vir die jonger garde en wat `n groot bydrae gelewer het tot die suksesvolle 2024/2025 seisoen. Groot dank ook aan al ons beamptes en Corne Botha Jakhals Event Management] wat pligsgetrou elke byeenkoms vrywillige dienste lewer om Eden Tweekamp te bevorder - jul opofferings en dienste word opreg waardeer.

- **HIGHGATE INTERPROVINSIAAL**

  Die 32e DCAS/ GROTER OUDTSHOORN/ HIGHGATE Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms gehou op 1 Feb op Oudtshoorn was tenspyte van kwaai hitte, weer 'n wenner! Eden Tweekamp atlete het weer puik presteer - 30 medaljes, Wanru Haasbroek die Junior Victor Ludorem en Eden tweede na Boland met WP derde in die

Highgate spankompetisie! In die LS afdeling in George- Suid tweede en Outeniqua derde! HS Punt is tweede in die HS afdeling!

- **SA BIATHLON AJV**

Eden Voorsitter Stephnie McKay is weer verkies tot die SA Tweekampbestuur as Uitvoerende Bestuurlid en sal ook dien as keurder op die SA Tweekampbestuur. Tydens die AJV het die SA Tweekamp bestuur aangekondig dat die SA







Kampioenskappe vir 2026 aan Eden toegeken is

- Die 48ste **SA Kampioenskappe** is 21/22 Maart op Oudtshoorn afgehandel. Met meer as 900 ingeskrewe atlete uit 14 provinsies en naby 4000 toeskouers het dit die infrastruktuur kwaai getoets. Die samewerking van alle partye het hierdie uitdagings in oplossings omskep. Veral hier word die rol wat Oudtshoorn se burgermeester, Johan Allers, gespeel het, hoog waardeer. Pluimpies moet beslis gaan aan die tuisprovinsie, Eden, die Weskaap Tweekampforum [Eden, WP, Boland], Jakhals Events, Highgate vir die grondwerk gedoen. Dit was puik! WP het weer as wenspan die trofee gelig! Eden beklee tans die vierde plek op die nasionale ranglys!



Alhoewel Eden nie baie individuele medaljes ontvang het by die SA Kampioenskappe nie het die volgende atlete Eden provinsiale rekords verbeter:

• S/17 Johan Schoeman [2087.79]
• Jun M Sebastiaan Swart [2061.68]
• Sen M Rikus Lamprecht [2143.79]
• Sen D JoMari Smith [2133.00]
• MM40+ Marsel Roos [2106.87]
• MD50+ Seanette Botha [1879.71]

By 'n spesiale funksie by Eljada Nasorg het die 9 Spesiale Behoefte atlete hulle 2025 SA Tweekamp Kampioenskappe medaljes ontvang. Hulle kon nie die Gala-funksie Saterdagaand bywoon nie.




**LIGA BYEENKOMSTE**

Eden Tweekamp streef na groei en 2024/2025het dit bewys met ons liga-byeenkomste wat week na week rekord getal atlete by die byeenkomste opgelewer het.

MOSSELBAAI LIGA - 151 atlete het ingeskryf

GEORGE LIGA – 197 atlete het ingeskryf

OUDTSHOORN LIGA - 110 atlete het ingeskryf

EDEN KAMPIOENSKAPPE – 210 atlete het ingeskryf

- **ONTWIKKELINGSKLINIEKE**

  **ELJADA ONTWIKKELINGS KLINIEK**

  Eden Tweekamp met die ondersteuning van DCAS het op Wo 19 Feb 'n ontwikkelingskliniek op Oudtshoorn aangebied vir Spesiale Behoefte persone georganiseer deur Dave van der Walt. Die keuse het op Eljada Nasorgsentrum geval en 27 persone tussen die ouderdomme van 20 en 73 het ywerig deelgeneem. Net om hierdie gestremdes se passie vir deelname te kon ervaar het 'n mens laat vergeet van jou eie probleme...... Die bekende Springbok, Marius Schlechter, het die hardloop hanteer terwyl bekende Protea swemmer, Gustav Schlechter, die swem hanteer het. Aansporingspryse het gegaan aan Menzi Maseko en Annemari Jonker (hardloop) en Jannie Lourens en Hester Steyn (swem).

  Op Di 11 Maart is die laaste kliniek, die Bridgtonkliniek, op Oudtshoorn deur Eden Tweekamp aangebied en deur WK DCAS ondersteun. Die afrigters was Marius en Gustav Schlechter. 28 atlete van Colridge PS, LS Wesbank en Eljada het deelgeneem. Dit bring dan ook die 2025 aktiwiteite van Eden Tweekamp tot 'n einde. Baie dankie aan alle borge, afrigters en organiseerders. Aansporingspryse is ook aan 4 belowende atlete toegeken.

**ALGEMEEN**

- Nuwe deelnemersklere vir Eden Biathlon is reeds in werking en Eden Biathlon uitvoerende bestuur het vanjaar nuwe Golf hemde ontvang. Dank aan Magdel Kotze vir al die reëlings en voorvat in hierdie proses
- **Optrede en respek teenoor Eden Biathlon beamptes deur ouers,** Eden Tweekamp is `n familie sport waar elkeen mekaar respekteer. Alle bestuurslede is

vrywilligers en doen dit vir die liefde van die sport. Die afgelope seisoen het ons op meer as een geleenthede voorvalle gehad waar beamptes en bestuurslede met disrespek hanteer was en ouers onvanpas opgetreë het ons as bestuur versoek dat elke persoon `n ander met respek sal hanteer en in ag neem dat alle vrywilligers ook ander verpligtinge en families het en sal nie altyd dadelik hulle fone kan antwoord of vir u as ouer jou antwoord gee wat gesoek word nie.

- Wimpy sal weer dien as borg vir Eden Biathlon vir 2025 & 2026
- Eden Tweekamp Affilieer as lid van Oudtshoorn Sport Inisiatief asook Oudtshoorn Besigheidskamer
- Twee ouers het 4 nuwe gazebos geborg vir Eden Biathlon ons bedank hulle vir die borg dit het pragtig uitgekom
- Eden Biathlon het `n nuwe website en alle inligting kan gerus daar gevind word
- Eden Tweekamp is steeds die land se top Familie sport en ons glo en vertrou die sport sal nog hoër hoogtes bereik. Ons moedig u aan om saam u kind of kleinkind deel te kom neem volgende seisoen.
- Die afsny tydperk van inskrywings is steeds `n probleem met atlete wat nie by die tyd of dag bly nie vanaf 2025/2026 seisoen sal geen vergunnings gemaak word vir atlete wat laat inskryf nie
- Geen atleet sal ook die volgende seisoen toegelaat word om deel te neem alvorens hulle geregistreer is nie!

- Ek wil namens myself as voorsitter van Eden Tweekamp u dank vir `n wonderlike seisoen, bystand en samewerking - sonder u en ons atlete sal hierdie sport nie kan bestaan.

**Vir enige navrae kan Dave van der Walt [082 7734 901] of Stephnie McKay [082 9884 439] gekontak word.**

**Stephnie McKay**
**Voorsitter**

**Dave van der Walt**
**Operasionele Bestuurder**